

2026

Persoonlike inligting / *Personal information:*

Naam/*Name:* _____

Van/*Surname:* _____

Graad/*Grade:* _____

Toelatingsno./*Admission no:* _____

Kontaknommers/*Contact details:* _____

In geval van nood, kontak:


In case of emergency contact:

Naam/*Name:* _____

①Nommer/*Number:* _____

Allergieë/*Allergies:* _____

Ander/*Other:* _____



Inhoudsopgawe / Index

1.	Die Gedragskode van Hoërskool Rob Ferreira	3
1.	The Code of Conduct of Rob Ferreira High School	20
2.	My klasrooster / My timetable.....	36
3.	My Handboeknommerlys / My Textbook Numbers.....	36
4.	Toesigrooster / Substitution timetable	36
5.	Kloktye / Bell Times.....	37
6.	Kontakbesonderhede / Contact Details	40
7.	Prosedure vir afspraak en rapportering van enige probleme/ Procedure for appointments and reporting of any problems.....	41
8.	Personeel / Staff.....	42
9.	Jaarprogram met roosterdae / Year programme with timetable days.....	43
10.	Assesseringsprogram / Assessment Programme.....	43
11.	Uittekenprosedure / Signing out procedure	43
12.	Remediërende Program / Remedial Programme	44
13.	Slaagvereistes / Requirements to pass	45
14.	Kriteria vir die staan as kandidaat vir Leieraad /.....	46
	Criteria to qualify to stand as a candidate for the Leader Council.....	46
15.	Vereistes en pligte van die VRL-lede /	46
	Requirements and duties of a RCL member:.....	46
16.	Vereistes vir die Dirigente oudisie /	47
	Requirements for the Chearleading auditions:.....	47
17.	Vereistes en pligte van die Noodhulpspan /	48
	Requirements and duties of the First Aid Team:.....	48
18.	Terreinplan en ontoelaatbare gebiede /.....	49
	Site plan and No-Go areas.....	49
19.	Buitemurse Oefenrooster / Extra Mural Practice Timetable	50
20.	Reglement vir die toekenning van akademiese toekennings / Regulations for the awarding of academic awards	53
22.	Finansies / Finances	70
21.	Klerewinkel / School Outfitters.....	71
22.	Kwitansies / Receipts	72
23.	Watter skryfbehoeftes het ek nodig vir assesserings? /	73
	Which stationery is needed for assessments?	73
24.	Studentesentrum (Rob-a-licious) / Student centre (Rob-a-licious)	73
25.	Spesiale toestemming / Special permission	73
26.	QR-kodes / QR codes	74

1. Die Gedragskode van Hoërskool Rob Ferreira

1.1. Agtergrond en inleiding

Hier volg die Gedragskode van Hoërskool Rob Ferreira soos voorgeskryf deur artikel 8(2) van die Suid-Afrikaanse Skole-wet no. 84 van 1996, insluitend die Beheerliggaamsbeleide: Sosiale Media, Veiligheid en Orde, en Dwelms en Alkohol. Daar is niks in die SA Skolewet wat 'n leerling vrystel om nie aan die Gedragskode te voldoen nie, SASW 8(4)(a).

Doel

- 1.1.1. Die doel van ons Gedragskode is die daarstel, handhawing en verbetering van 'n positiewe en gedissiplineerde skoolklimaat waarin almal se verantwoordelikhede en regte gerespekteer sal word, ongeag ouderdom.
- 1.1.2. Rob Ferreira se skoolklimaat word onder andere gegrondves in die beplande en doelgerigte uitbou en uitleef van ons kernwaardes om deurlopend ons karakters te bou, onder andere met respek, integriteit, lojaliteit, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid en omgee.
- 1.1.3. Die doel is ook die daarstel en verbetering van gedissiplineerde gedrag wat nodig is vir almal se heil en dat dit bevorderlik is vir leer, onderrig en ontwikkeling.
- 1.1.4. Die doel is verder ook die daarstel van 'n omgewing vry van enige vorm van ontwrigting en die versekering van ononderbroke leer en onderrig.

1.2. Aanhef tot die Gedragskode

- 1.2.1. Die filosofie van ons Gedragskode is dat positiewe dissipline daarop gemik is om: Ons denke, besluite, gedrag, gesindheid en karakter so te bou, dat ons met verantwoordelikheid kan bydra tot die uitbou van ons skool, land en tot die welsyn van alle mense.
- 1.2.2. Positiewe dissipline is slegs moontlik wanneer ons heel eerste ons verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir ons eie denke en daade verstaan en aanvaar.
- 1.2.3. Daarom, met volle inagneming en begrip van bg. paragrawe, **VERBIND EK** myself en **ONDERNEEM EK** om myself ten volle te onderwerp aan hierdie Gedragskode en gaan ek strewe om as 'n verantwoordelike, trotse en lojale Robbie, myself altyd as volg te gedra:
 - 1.2.3.1. Om doelgerig aan my karakter te bou, die regte keuses te maak en die gesag wat oor my gestel is, te eerbiedig.
 - 1.2.3.2. Om deur die regte keuses die goeie orde in ons skool te bevorder deur my te hou by ons skoolreëls en om my ook te onderwerp aan dié lewensreëls wat lei tot 'n sinvolle lewe en 'n veilige en gesonde lewenstyl.
 - 1.2.3.3. Om my te alle tye waardig te gedra. Ook om nooit die veiligheid of gesondheid van enige persoon te benadeel of te bedreig nie.
 - 1.2.3.4. Om my liggaam gesond te hou deur nie gevaarlike en verbode middels te gebruik nie én om elke persoon en my omgewing veilig te hou deur nie gevaarlike voorwerpe op die terrein te bring nie.
 - 1.2.3.5. Om 'n positiewe verskil te maak by ons skool deur betrokke te wees by geleenthede, skoolaktiwiteite en om my talente te benut en aan te wend. My

medeleerlinge te ondersteun, beskikbaar te wees as iemand my nodig het en my lojaliteit teenoor my skool sigbaar én hoorbaar te toon.

- 1.2.3.6. Dat my doen en late te alle tye reg en prysenswaardig sal wees.
- 1.2.3.7. Om ons pragtige skoolterrein te waardeer, dit skoon en netjies te hou en nie te verniel nie én om geen toerusting op die terrein onverantwoordelik óf vir enige ander doeleindes as vir opvoedkundige doelwitte te gebruik nie.
- 1.2.3.8. Dat getroue skoolbywoning, stiptelikheid en planmatigheid deel van my daaglikse leefwyse sal wees sodat die mense om my op my kan staatmaak. Ek sal rekenskap gee vir dae afwesig en laatkommery.
- 1.2.3.9. Om te erken as ek fouteer het, jammer te sê en die gevolge met verantwoordelikheid te dra.
- 1.2.3.10. Om nie reëloortreders te beskerm nie.
- 1.2.3.11. Om nie luidrugtig op die stoepe en terrein te wees nie.
- 1.2.3.12. Om sosiale media oordeelkundig te gebruik, om nie enige persoon te teister of te boelie nie. Om ook nooit op enige manier mense te beïnvloed of op te sweep nie, of om foutiewe of onvolledige inligting te versprei wat skadelik is vir enige persoon of my skool nie.
- 1.2.3.13. Om volwassenes, besoekers en onderwysers **EERSTE** te groet.
- 1.2.3.14. Ek aanvaar dus my verantwoordelikheid om my onderwysers nooit deur disrespekvolle gedrag, spraak of optrede te verhinder om my te leer en te vorm tot 'n verantwoordelike en volwaardige landsburger nie en om volle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid te aanvaar.
- 1.2.3.15. Daarom **onderneem** ek om my pligte en verantwoordelikhede na te kom en respekvol, eerlik, opreg, nederig, betroubaar, verdraagsaam, vriendelik, diensbaar en dankbaar op te tree tydens alle geleenthede sodat ek kan leer en my onderwysers my kan onderrig.

- 1.3. Daarom **onderneem** ek verder om deur my voorkoms te wys dat ek trots is op myself én trots is op my skool en om dus te voldoen aan my skool se kleredrag- en voorkomsreëls.

'n Waarde-gedrewe Robbie se voorkoms lyk as volg:

1.3.1. **Dogters:**

1.3.1.1. **Kleredrag**

- Voorgeskrewe skoolrok, met wit kortmouhemp, Gr 12's dra skooldasse.
- Roksome moet ongeveer 10cm bokant die knieë wees.
- Swart "tights" word by skoolrok en hemp gedra vir wintersdrag. (Slegs in 2^{de} en 3^{de} kwartaal)
- Goedgekeurde skoolserp kan gedurende die 2^{de} en 3^{de} kwartaal gedra word.
- Gewone wit skoolsokkies - NIE wolsokkies nie, ook nie Robbie-sportsokkies nie.
- Basiese, swart skoolskoene met bandjie oor die voet of swart "Babydolls" met bandjie en gespe. **GEEN** toerygskoene of "padders" nie.





- Donkergroen skooltrui of skoolbaadjie of “fleece” – moue mag nie opgestoot word nie. (“Fleece” faseer uit in 2026).
- Moue van trui moet die regte lengte wees. Vermoed te groot trui; dit vertoon slordig.
- Die voorgeskrewe oortrektrui (“pullover”) mag slegs deur Seniors gedra word (Gr. 10 - Gr. 12).
- Alle 1^{ste} spanspelers mag die 1^{ste} span das en “pullover” dra.
- Die voorgeskrewe skool- of sportdrag en/of sweetpak moet by alle sportbyeenkomste deur deelnemers gedra word.
- Die voorgeskrewe Robbiedrag of skooldrag moet by alle sportbyeenkomste deur ondersteuners gedra word.
- Swart visplakkies sonder versierings mag by atletiekdrag gedra word.
- Uniforms/sportdrag van ander skole, mag nooit by die skool of koshuis gedra word nie. Straf: (Verkeerde uniform).
- Slegs Rob of wit sportkouse word by sportdrag gedra.
- 'n Wit hijab mag gedra word.

1.3.1.2. Hare

- Slegs effe kleur, bottelgroen, skool oranje, swart of wit linte, ‘scrunchies’, kopbande en haarrekkies mag gedra word.
- Kopbande mag 1 - 5cm breed wees en word as 'n “Aliceband” gedra. Kopbande mag nie as sweetbande oor die voorkop gedra word nie.
- Geen materiaalstroke, leerstrookies of bont haarversierings mag gedra word nie.
- Geen groot strikke of blomme mag in die hare gedra word nie. Strikke of linte mag nie breër as 2cm wees nie.
- Geen krale of versierings mag in die hare gevleg word nie.
- Slegs bruin, swart, groen of wit “bobby pins” of knippies mag gedra word.
- **Hare mag geensins gekleur (ge-”dye”) word nie.**
- Wenkbroue mag **nie** gekleur word nie.
- Haarstyle mag nie aanstoot gee nie: die haarstyl moet uit die oë en gesig wees. 'n Lang kuif moet uit die oë gehou word met 'n knippie. Haarstyle mag nie leerders se sig belemmer nie.
- Haarverlengings word toegelaat, gegewe dat dit **dieselfde kleur as die oorspronklike eerste 2cm vanaf jou kopvel** is. Dit moet in 'n hanteerbare poniestert met 'n haarrekkie stewig vasgebind word.
- Haarverlengings No. 1 tot No. 4 word toegelaat. Haarverlengings mag nie langer as die **laerug** gedra word nie.
- “Dread locks” en “dread knots” is nie toelaatbaar nie, ook nie “undercut”, “comb-over” of pruike nie.
- Hare aan die kante van die gesig en wat aan die kraag raak moet vasgemaak wees.
- Geen snye in wenkbroue nie.

1.3.1.3. Juwele, Grimering en Naels

- Slegs **EEN** seëlring en gewone goue/silwer/pêrel oorknoppies mag gedra word. Slegs knoppies of pêrels (5mm) mag gedra word.
- Oorknoppies mag slegs in onderste gaatjie, wat in die oorlel moet wees, gedra word.
- **GEEN** blommetjies, sterretjies of steentjies in oorknoppies nie.
- **GEEN** neusringe/knoppies, bedek of onbedek, word toegelaat nie.
- **GEEN** plaasvervangende-oorknoppies mag gedra word nie.
- **GEEN** ander juwele behalwe 'n horlosie is toelaatbaar nie.
- **GEEN** ketting of armband word om die nek, arms of bene gedra nie.
- Hoegenaamd **GEEN** grimering, permanente grimering, “lip gloss”, gekleurde “lip-ice” getinte kontaklense of sigbare tatoeëermerke nie.
- Tatoeëermerke mag nie by jou skool- of sportklere uitsteek nie.

- Naels moet kort en skoon wees. Naels mag nie langer as die vingerpunte wees as die hand beskou word van die palm se kant af nie.
- Kleurlose naelpolitoer mag gedra word.
- Geen “French manicures” is toelaatbaar vir Gr. 8 tot Gr. 11-leerlinge nie. Matrieks (Gr. 12's) mag wel kort “French manicures” dra sonder kleur (m.a.w. slegs wit randjie, geen kleur op res van die nael nie).

1.3.2. **Seuns:**

1.3.2.1. **Kleredrag**

- Wit Rob-hemde met **kort** moue en boonste knoop oop. Gr.12's dra 'n skooldas.
- 'n Wit T-hemp mag onder die skooldrag gedra word, geen patrone/drukwerk op hemp nie en hemp mag nie uitsteek nie.
- Donkergroen skooltrui, skoolbaadjie of “fleece” – moue mag nie opgestoot word nie. “Fleece” baadjie faseer uit in 2026.
- Oortrektrui (“pullover”) mag slegs deur Seniors gedra word (Gr. 10-12).
- Alle 1^{ste}-spanspelers mag 1^{ste}-spandasse en “pull overs” dra, nadat dit in die huidige jaar verwerf is.
- Grys langbroek met 'n swart belt, of 'n grys kortbroek.
- Langbroeke se soom moet **onder** die enkels wees.
- Grys langbroeke mag nie styf sit óf vernou óf afgewerk word nie.
- Grys Rob skoolkouse saam met 'n kort of lang skoolbroek.
- **SLEGS** swart **poleerbare** seunsskoolskoene wat met veters vasmaak. Skoene moet met politoer skoongemaak word. Sool: maksimum 3cm dik.
- Die voorgeskrewe skool- of sportdrag en/of sweetpak moet by alle sportbyeenkomste deur deelnemers gedra word.
- Die voorgeskrewe Robbie- of skooldrag moet by alle sportbyeenkomste deur ondersteuners gedra word.
- Swart visplakkies sonder versierings mag by atletiekdrag gedra word. Uniforms/sportdrag van ander skole mag **nooit** by die skool of koshuis gedra word nie. Straf: (Verkeerde uniform).
- Slegs Rob- of wit sportkouse word by sportdrag gedra.



1.3.2.2. **Hare**

- Netjiese en konserwatiewe haarsnit moet gedra word.
- Enige haarstyl wat onnodig aandag vestig op die leerder, word nie toegelaat nie.
- Die haarlengte mag nie langer as die haarlyn wees nie en moet egalig uitgedun word aan die bo- en sykante.
- Geen “sideburns”, snorre of baarde word toegelaat nie.
- **Hare mag geensin gekleur (ge“dye”) word nie.**
- **GEEN** kamme in hare nie.
- Wenkbroue mag **nie** gekleur word nie.
- Geen “extensions”, “dread locks”, “dread knots” of “sponge twist” word toegelaat nie, ook nie “undercut”, “steps” of patrone ingeskeer in hare of wenkbroue nie.

1.3.2.3. Ongeskeerde leerlinge

Ongeskeerde leerlinge kry opdrag om te skeer en word gerekordeer.

Prosedure wat gevolg word:

1. Onderwyser rekordeer die leerling vir “nie geskeer” en gee die leerling opdrag om die volgende dag geskeer te wees.
2. Indien die leerling die volgende dag steeds ongeskeer is, word hy vir insubordinasie geskryf. ’n Skeermes sal aan hom gegee word om dadelik te gaan skeer. Leerling word nie in die volgende klas toegelaat totdat hy geskeer het nie.
3. Skeermesse is by ontvangs beskikbaar, teen R20.

1.3.2.4. Juwele

- GEEN JUWELE / armbande of kosmetiese ware, behalwe ’n polshorlosie, word toegelaat nie.
- Geen sigbare tatoeëermerke nie. Tatoeëermerke mag nie by jou skool- of sportklere uitsteek nie.

1.3.3. ‘Civvie’-dae:

1.3.3.1. Dogters

- Grimering, naels en juwele moet volgens die kleredragreëls wees, soos bo gestipuleer, maar hare mag los gedra word.
- Klere mag nie aanstoot gee nie – mini-rokkies, kortbroeke, stywe broeke en kort toppies wat die middellyn wys of laaggesnyde klere, word nie toegelaat nie.
- Geskikte onderklere moet gedra word en mag nie uitsteek nie.
- Kleredrag moet nie aanstootlike boodskappe gee nie.
- Kortbroeke, nie korter as jou skoolrok, mag gedra word.
- Geen klere wat enige politieke party uitbeeld mag gedra word nie.

1.3.3.2. Seuns

- Hare en juwele moet volgens die kleredragreëls wees soos bo gestipuleer.
- Naels moet kort en skoon wees soos vir skool.
- **GEEN** grimering nie.
- Klere en boodskappe op klere mag nie aanstootlik wees nie.
- Geen klere wat enige politieke party uitbeeld mag gedra word nie.
- Kortbroeke dieselfde lengte as Robbie broeke mag gedra word.

1.3.4. Robbiedrag

- Word as ondersteuningsdrag gedra.
- Bestaan uit:
 - Robbiehemp
 - Robbiekortbroek
 - Slegs hardloopskoene. (“Tekkies”).
 - Dra slegs wit of Robbiekouse saam met hardloopskoene.
 - Enige van die skool goedgekeurde baadjies.
- Gewone voorkomsreëls betreffende hare, juwele en grimering geld.

1.3.5. Algemeen

- GEEN ander skoene/plakkies/pantoffels/"croc's" of klere mag saam met skooldrag gedra word nie.
- Slegs Rob-toekenings mag op skoolbaadjies gedra word.
- **Skooldrag na skoolure**: Daar word van leerlinge verwag om veral na skoolure, en as hulle buite die terrein beweeg, ekstra netjies op hulle voorkoms te wees. Skoene mag nie uitgetrek of verruil word vir gemakliker skoene saam met hulle skooluniform nie. Hoede en musse mag nie gedra word nie. Seuns se hemde moet te alle tye ingesteek wees.
- Baadjies wat as Provinsiale Kleure verwerf is, mag slegs saam met skoolklere op 'n Vrydag gedra word in die jaar verwerf. 'n Brief moet ingegee word as bewys by Me. du Plessis.
- Matriekbaadjie mag slegs op Woensdae en Vrydae gedra word en mag nie by sportbyeenkomste gedra word nie.
- Oefeninge en afrigting vind plaas by die skool deur die skool se afrigters en volgens hul programme. Afrigting deur ander/buite afrigters geskied slegs met vooraf goedkeuring deur die hoof. Deur nie te voldoen aan hierdie reëls nie, sal dit lei tot uitsluiting van spanne of die verbeuring van prestasietoekenings.
- Balspeletjies mag slegs op sportsbane en -velde of op aangewese plekke gespeel word.
- Leerlinge word nie toegelaat om die gimnasium te gebruik sonder 'n afrigter nie.
- Elke graad moet sy eie kleedkamers gebruik. Gr. 12- seuns en dogters moet slegs hul aangewese badkamers gebruik.
- Geen Gr. 8 - Gr. 11-leerders mag Gr. 12-badkamers gebruik nie.
- Skaatsplanke word nie op die terrein toegelaat nie.
- Vir alle **skoolaktiwiteite** moet **volle skooluniform** gedra word bv. bywoon van ekstra klasse.
- Vir alle **sportgeleenthede** mag slegs **Robbie- of skooluniform** gedra word.
- Skooltruie en opwarmings T-hemde mag nie gedra word saam met sportdrag nie. Skool- en sportdrag mag nie gemeng word nie.
- **Laerskool Witrivier se terrein** is te **ALLE TYE** verbode.
- Die swembad, swembadterrein en gimnasium is ten strengste verbode sonder personeeltoesig.
- Die sportterrein oorkant die teerpad mag in skooltyd (ook tydens eksamens) slegs onder personeeltoesig betree word.
- Geen politieke kleredrag, slagspreuke of verwante materiaal mag op die terrein gebring word of saam met skooldrag gedra word nie.
- Doktersbriewe moet **onmiddellik** ingehandig word wanneer die leerling terug is by die skool. (**GEEN** laat siekbriewe sal aanvaar word nie).
- Die skool behou die reg om nie getuigskrifte uit te reik nie, in gevalle waar leerlinge meer as 12 dae, sonder inhandiging van 'n doktersbrief, afwesig is van die skool of meer as 35 strafpunte het of handboeke het wat uitstaande is. Toelating tot eksamens kan ook geweier word.
- Geen "40 days"-vierings word by die skool toegelaat nie.

1.3.6. Matriekafskeid

Na 12 jaar se intense gedrags-en-keuse opvoeding is daar 'n natuurlike verwagting dat matrieks se gedrag soos beskryf in die gedragskode in lyn met die skoolreëls sal wees. Daarom is die matriekafskeid 'n geleentheid vir die matrieks wat deur hul regte gesindheid en gedragskode se gebondenheid 'n uitnodiging na die funksie kan ontvang. Matrieks kwalifiseer dus nie outomaties vir 'n uitnodiging omdat jy in matriek is nie. Dit is 'n voorreg wat verbeur kan word deur:

- na te laat om opdragte in te handig,
- enige uitstaande take te hê tot op die laaste dag van die week voor die matriekafskeid
- deur swak skoolbywoning:

- Wanneer 'n leerling afwesig is vir meer as 10 skooldae sonder inhandiging van 'n geldige doktersbrief. Geen briewe van "apteekklinieke" word aanvaar nie.
- Die doktersbrief moet **onmiddellik** ingehandig word wanneer die leerling terug by die skool is. (**Laat** siekbriewe sal **nie** aanvaar word nie).
- Stakings en gemeenskaps-aangeleenthede sal oorweeg word wanneer 'n leerling onmiddellik na hy/sy terug is by die skool 'n brief inhandig.
- Swak gedrag:
 - Wanneer 'n leerder 35 demerietes het, 7 dae, voor die matriekafskied.
 - Wanneer 'n leerling uitstaande detensies het óf in die proses is van 'n dissiplinêre verhoor.
 - Indien 'n leerder ook d.m.v. 'n dissiplinêre verhoor skuldig bevind word op aanklagtes van een of meer van die volgende: wangedrag, oneerlikheid, haatspraak, rassisme, diefstal, intimidasie en afknouery, kan die voorreg ook verbeur word.
 - Graad 12-leerlinge wat hul aan bogenoemde gedrag skuldig maak, ontvang nie 'n uitnodiging van die Beheerliggaam na die matriekafskied nie.
 - Die gedragskode vir voorkomsreëls laat geen uitsonderings vir die matriekafskied toe nie en matrieks se voorkoms moet die eerste Maandag na die matriekafskied binne die reëls wees en indien nie, kan die leerders 'n eksamenlokaal geweier word.

1.3.7. **Motors en Motorfietse**

- Alvorens 'n leerder 'n voertuig op die skoolgronde mag bestuur, moet toestemming eers van die aangewese adjunkhoof verkry word.
- Die nodige aansoekvorm moet voltooi en ingehandig word, tesame met 'n gesertifiseerde afskrif van die leerder se rybewys.
- Die plakker wat as bewys van toestemming verkry word, moet te alle tye sigbaar op die voertuig vertoon word.
- Geen leerder mag 'n voertuig op die skoolgronde bestuur en leerlinge vervoer, sonder 'n geldige rybewys nie.
- Enige voertuig wat sonder 'n rybewys op die skoolgronde bestuur word se sleutel sal gekonfiskeer word.
- Enige motorfiets wat sonder 'n valhelm bestuur word of met 'n passasier sonder 'n valhelm, se sleutel sal gekonfiskeer word.
- Daar moet te alle tye binne die spoedgrens van 30km/h gery word.
- Leerlingvoertuie moet op die aangewese area geparkeer word en mag **slegs** besoek word wanneer die terrein verlaat word.

1.3.8. **Selfone en musiek**

- 1.3.8.1. Geen ongemagtigde hantering van 'n selfoon of elektroniese apparaat gedurende skoolure nie (ingesluit die lees van tyd op 'n selfoon).
- 1.3.8.2. Geen ongemagtigde hantering van enige ander elektroniese apparaat gedurende skoolaktiwiteite nie.
- 1.3.8.3. Selfone, selfoonomhulsels, oorfone en enige dele (randapparatuur), **MAG NIE** sigbaar wees tydens gestipuleerde tye nie. Selfone wat gebruik word in boelie of baklei kan gekonfiskeer word.
- 1.3.8.4. Selfone moet by die onderwyser ingehandig word, wanneer 'n leerling die klas tydens 'n periode moet verlaat.
- 1.3.8.5. Geen klanktoerusting (wat draagbare luidsprekers insluit), mag gebruik word gedurende die gestipuleerde tye nie of op die skoolterrein tydens sportgeleenthede nie.
- 1.3.8.6. Musiek op enige apparaat mag nie steurend en hoorbaar op die terrein gespeel word, na skoolure, nie.
- 1.3.8.7. Die skool sal ouers skakel in skooltyd. Leerders mag nie hul selfone daarvoor gebruik nie.

- 1.3.8.8. Selfone moet afgeskakel wees én as 'n leerling vergeet het om dit af te skakel óf wil verskuif moet die onderwyser se toestemming eers verkry word.
- 1.3.8.9. Selfone kan van die skoolterrein verban word, ongeag die reëltoetreding wat daarmee verband hou.

1.3.9. **Die Terugbesorging van Handboeke**

- Handboeke mag nie deur vensters gegooi word of op tafels gelaat word nie.
- Dit moet, soos gereël, aan die vakonderwyser in sy/haar teenwoordigheid oorhandig word.
- Leerlinge moet verseker dat hulle name wel afgemerkt word.

1.3.10. **Die doel van eksamenreëls en -regulasies vir leerders**

- 1.3.10.1. Om te verseker dat elke leerder die optimale en regverdigde geleentheid kry om te bewys wat hy/sy gedurende die jaar geleer het.
- 1.3.10.2. Om die integriteit van die eksamen te alle tye bo verdenking te hou.
- 1.3.10.3. Om leerders voor te berei om so gou as moontlik onder Gr. 12- eksamen-omstandighede, eksamen te skryf.

1.3.11. **Reëls en regulasies:**

1. Alle skoolreëls geld ten volle gedurende eksamens.
2. Daar is geen aantree gedurende Junie- en November eksamentye nie.
3. Personeelid doen afwesigheidskontrole vanaf klaslys wanneer leerders by die klaskamer instap voordat hulle sit.
4. Wanneer dit stil en ordelik is, word vraestelle uitgedeel en gekontroleer vir volledigheid. Leerders kry geleentheid om vir 10 minute deur vraestel te lees.
5. Geen kandidaat verlaat die eksamenlokaal alvorens die tyd verstreke is, of voordat 'n uur verstreke is nie.
- 6.
- 6.1. Kandidate wat laat, maar binne die eerste uur van die sessie, opdaag vir 'n eksamsessies sal wel toegelaat word om daardie sessie se vraestel te skryf, maar sal geen ekstra tyd ontvang nie.
- 6.2. Leerlinge moet nog steeds betyds opdaag vir skryfsessies en nie reël 6.1. misbruik nie.
7. Die volgende is **streng verbode** in die eksamenlokaal:
 - Tablette, datastoortoestelle, iPods en enige ander elektroniese toestel;
 - Ongemagtigde materiaal, tasse, boeke, aantekeninge, sketse, of papier (buiten die amptelike eksamenmateriaal) of enige materiaal wat die leerling tydens die sessie onwettig kon bevoordeel het.
 - Kos of drinkgoed. (Diabete moet voor die tyd 'n mediese brief inhandig indien dit nodig is om iets te eet tydens die eksamen.)
8. Geen kandidaat mag in besit wees van 'n selfoon of selfoon-tipe horlosie ("smart watch") gedurende 'n eksamensessie nie. Indien hy/sy in besit van 'n selfoon in die lokaal is, of as dit lui, moet dit dadelik as 'n ongeruimdheid gerapporteer word en sal 'n dissiplinêre verhoor plaasvind.
9. Voorgeskrewe sakrekenaars mag gebruik word. **GEEN** programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word nie. Kandidate mag nie sakrekenaars of enige ander instrument van enige ander kandidaat leen nie. Sakrekenardeksels mag ook nie in lokaal ingebring word nie.
10. Slegs skryfbehoeftes vir die spesifieke vak sal in die eksamenlokaal toegelaat word. Pennesakkies bly in tasse. Alle tasse moet voor in die klas of buite op die stoep gelaat word.
11. "Tippex" is verbode en geen papier mag uit die lokaal geneem word of ingebring word nie.
12. Jy sal nie toegelaat word om op enige wyse met 'n ander kandidaat te kommunikeer of poog om te kommunikeer nie.

13. Indien jy gevang word dat jy afskryf, of op enige wyse bystand verleen of ontvang of enige iets in jou besit gevind word waarvan jy moontlik kon afskryf, kry jy nul vir die vraestel en jy word gestraf volgens die Gedragskode.
14. Geen kandidaat sal toegelaat word om badkamer toe te gaan sonder die toesig van 'n onderwyser nie.
15. Jy skryf volgens skoolreëls t.o.v. Kleredragreëls. Sweetpakke is sportdrag en word nie toegelaat nie. Geen komberse word in die eksamenlokaal toegelaat nie.
16. Kandidate wat reëls t.o.v. naels, hare en gesigshare oortree, sal nie 'n vraestel ontvang alvorens hy/sy binne die reëls is nie. Geen ekstra tyd sal toegelaat word nie.
17. As jy klaar geskryf het, mag jy nie siviele klere aantrek en op die skoolterrein vertoef nie.
18. Indien jy nie skryf nie, mag jy nie skool toe kom nie, behalwe vir ekstra klasse.
19. Ekstra klasse gedurende skooltyd moet in skooldrag bygewoon word.
20. Tydens eksamensessies is die areas tussen die studentesentrum, die saal en klaskamers verbode. Leerders sit slegs in aangewese areas.
21. Kandidate met uitstaande SBA en PAT-take mag 'n eksamenlokaal geweier word.
22. SBA en PAT: Gedurende lesperiodes geld dieselfde reëls as by enige ander assesserings.
23. Waar daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n leerling enige onreëlmatige hulp ontvang / hulpmiddels het, kan die leerling kragtens die skool se deursoekingsmaatreëls deursoek word. Om te sê dat jy notas of dele daarvan in jou besit vergeet het, word nie aanvaar nie.

1.4. **GEDRAG WAT NIE DIE KERNWAARDES UITBEELD NIE**

(LET WEL SIEN SASW, 3.(7))

1.4.1. **A-Oortredings – Akademies**

Kode	Oortreding	Debiet-punte
A1	Laat vir klas / eksamenlokaal	4
A2	Huiswerk nie gedoen nie	1
A3	Ander vakke se huiswerk in klas doen	2
A4	Afskryf van huiswerk en skrifte uitleen vir afskryf	4
A5	Skrifte / Werkboeke / Handboeke / Lêers nie in die klas nie	3
A6	Portefeulje opdrag nie op gegewe datum ingehandig nie	3
A7	Voer nie 'n klasopdrag gedurende klastyd uit nie	3
A8	Onaanvaarbare gedrag teenoor onderwyser / disrespekvol / Personeel vals beskuldig/ uitlokkende gedrag/ strikvrae / opruiende opmerkings	15
A9	Eet / kou in die klas	3
A10	Robbiegids nie by skool nie	2
A11	Versuim om rapport / omsendbriewe / detensie briewe / dokumente aan ouer te gee / handig nie afwesigheidsbrief / afskeurstrokies in nie	5
A12	Klasversuim – Onwettig afwesig van 'n akademiese of voogperiode / verlaat die klas sonder toestemming / sonder klaspas	10
A13	Swak taalgebruik en vloek / skree op stoepe	4
A14	Spoeg	10
A15	Beskadig eiendom van ander leerder / gebruik sonder toestemming	6
A16	Gebruik sonder toestemming 'n selfoon / slimhorlosie gedurende skoolure. Selfoon / oorfone / randapparatuur sigbaar (Tussen 1 ^{ste} en laaste klok van die dag) Mag nie tydens detensie gebruik word nie. (Slegs in akademiese opdrag toelaatbaar - nie vir vermaak nie). Slimhorlosie mag slegs gebruik word vir die lees van tyd	10
A17	Ontwrig leer en onderrig: 1 ^{ste} keer: Skriftelike waarskuwing (onderwyser moet onderrig staak om leerder aan te spreek)	0
A18	Ontwrig leer en onderrig: 2 ^{de} keer: Rapporteer aan Graadhoof/Dissiplinehoof, onderhoud	3
A19	Ontwrig leer en onderrig: 3 ^{de} keer. Leerling word uit klas verwyder en dissiplinehoof lig ouers in dat indien dit weer gebeur, die leerder gesuspendeer sal word	5
A20	Ontwrig leer en onderrig: 4 ^{de} keer. Leerder word vir 1 dag gesuspendeer	10
A21	Ontwrig leer en onderrig: 5 ^{de} keer. Dissiplinêre verhoor volg + Finale waarskuwing	15
A22	Ontwrig leer en onderrig: 6 ^{de} keer. Doen aansoek by Departement vir skorsing	35

1.4.2. **B- Oortredings – Algemeen**

Kode	Oortreding	Debiet-punte
B1	Laat vir skool / opening / saal	2
B2	Insubordinasie: Ignorering van opdragte / vorige waarskuwings	10
B3	Hare nie in lyn met Gedragskode nie / hare gekleur / 'dread locks' / 'dread knots' / 'undercut' / 'comb-over' / nie in oorstemming met norme nie	5
B4	Nie geskeer / naels te lank / naelpolitoer / tatoeëermerk sigbaar	5
B5	Nie korrekte skoolklere / skoene / nie belt (seuns) / rok te kort / verkeerde juwele / grimering	3
B6	Rommelstrooi op die terrein of in klas / tel nie rommel op nie	5
B7	Onaanvaarbare gedrag met opening	5
B8	Loop deur voorportaal / op- en aflaai in sirkel	5
B9	Op laerskoolterrein / verbode areas. Dagskoliere op koshuisterrein sonder toestemming / Op verbode terrein tydens tuis-sportgeleenthede	20
B10	Gebruik verkeerde badkamer / bly vertoef voor badkamers	5
B11	Vryery – GEEN fisiese kontak toelaatbaar	10
B12	Versuim om ernstige oortredings te rapporteer	5
B13	Versuim om op te daag vir sportoefeninge / oefen op eie programme	10
B14	Versuim om op te daag vir wedstryde / byeenkomste	10
B15	Afwesig van toekenningsaande sonder vooraf kennisgewing	10
B16	Beledigend / onaanvaarbare gedrag teenoor medeleerlinge / swak sportmangees as speler of toeskouer	10
B17	Verskaf doelbewus verkeerde data / inligting / kontaknommers vanaf huis na skoolrekenaar	5
B18	Leuens / oneerlikheid wat verband hou met skoolaktiwiteite / ignoreer klas sitplekplan	5
B19	Stel ouers of voog of skool in swak lig deur oordra van valse inligting en leuens	10
B20	Nie bywoning van detensie: 1 ^{ste} oortreding: rekordering. 2 ^{de} oortreding: 3 dae suspensie sonder verhoor	

1.4.3. **C- Oortredings – Ernstige oortredings**

Kode	Oortreding	Debiet-punte
C1	Diefstal	35
C2	Bedrog	35
C3	Besit / verspreiding van pornografiese materiaal	35
C4	Besit van gevaarlike voorwerpe / wapens	35
C5	Seksuele misdrywe	35
C6	Besit van / Toets nie-negatief / Onder die invloed van alkohol	35
C7	Misbruik van IT-stelsels (Onwettige toegang, enige gebruik anders as vir leer en onderrig)	35
C8	'n Bystander wees of enige bewys dat daar enige verbode middels gebruik is	35
C9	Sataniese / okkultiese bedrywighede	35
C10	In besit wees van dwelms / gebruik van dwelms / handeldryf met dwelms / stoor vir iemand / ondersteuning te verskaf	35
C11	'n Bystander wees of enige bewys van dwelmgebruik	35
C12	Vandalisme / graffiti / peuter met brandblussers	35
C13	Teistering van enige aard / afknou / boelie / kuber-boelie / afdreig / intimidasie / rassisme / opruiende gedrag / aanhitsing / provokasie / eskalasie / vergelding / ondersteunende toeskouer / doelbewuste uittarting van personeel / gedrag wat aanleiding gee tot reaksies wat teen die Gedragskode is	35
C14	Aanranding (fisies sowel as verbaal) / Baklei	35
C15	Optrede wat die skool se beeld en naam skend	35
C16	Roekelose bestuur / Verkeersoortreding op terrein / Bestuur sonder lisensie	35
C17	Besit van inkriminerende selfoonfoto's / video's / maak onwettige opnames	35
C18	Besit / verspreiding / toets positief vir dwelms by die skool	35
C19	Oneerlikheid rakende assessering / in besit van notas / hulpmiddels / handboeke / selfoon / slimhorlosie in eksamenlokaal / vraestelle / memo's / verleen hulp / ontvang hulp / nie voldoening aan SBA-reëls nie	35
C20	"Doping" (gebruik) / handeldryf in / versprei van steroïde en middels wat sportprestasie verbeter (verban van deelname aan sport op skoolvlak en verbeuring van prestasietoekennings)	35
C21	Wanneer 'n leerder skuldig bevind word aan 'n kriminele oortreding	35
C22	Rook – op enige plek op terrein of in skoolklere buite skoolterrein, in besit van tabak / sigarette / e-sigaret / hubbly / vape / aansteker / teenwoordig waar leerlinge rook. Beskerm rokers	35
C23	Verlaat skoolterrein sonder toestemming vir meer as 1 periode	35
C24	Nie opdaag vir detensie, derde keer / Nie nakoming van dissiplinêre verhoor opdragte	35
C25	Dra van of uitbeelding van enige politieke materiaal of kleredrag met boodskappe wat aanstoot gee / teen die Gedragskode is	35
C26	Disrespek teenoor godsdienste	35
C27	Ontwrig detensie / versuim om detensie take te voltooi. / Departementshoof van Dissipline verwyder leerder onmiddellik en hy/sy word vir 3 dae gesuspendeer	35

OPSOMMEND

- Punte akkumuleer vir 'n detensie en dissiplinêre verhoor.
- **C-** oortredings is oordraagbaar na 'n volgende jaar indien straf nie in vorige jaar uitgedien is nie.
- **C-** oortredings lei tot 'n dissiplinêre verhoor.

1.5. KORREKTIEWE OPTREDES, HERSTELLEDE GERECHTIGHEID EN PROSEDURES

- 10 punte – Eerste detensie
- 15 punte – Eerste Onderhoud
(Registeronderwyser / Rekorderende onderwysers met die leerder)
- 20 punte – Tweede detensie
- 25 punte – Tweede Onderhoud
(Graadhoof / Rekorderende onderwysers met die ouers/voogde)
- 30 punte – Derde detensie
- 35 punte – *Eerste dissiplinêre verhoor*
- 45 punte – Vierde detensie
- 55 punte – Vyfde detensie + Derde Onderhoud
(Departementshoof van Dissipline met die ouers / voogde)
- 65 punte – Sesde detensie
- 70 punte – *Tweede dissiplinêre verhoor*
- 85 punte – Sewende detensie
- 105 punte – *Derde dissiplinêre verhoor*

In gevalle waar kinders se uitoefening van keuses, lei tot gedrag wat ander kinders, die skool of personeel benadeel, kan herstellende geregtighedsaksies ingestel word, soos: Skryf van 'n opstel, klas uitvee, gemeenskapsdiens, inbly tydens pouse, 'n navorsingstaak, om verskoning te vra, plakkaat maak en/of refleksies doen en persoonlik omverskoningsbrief te skryf.

1.6. DETENSIEREËLS

1. Detensies geskied op Dinsdagmiddag vanaf **14:00 - 16:00** (op langer skooldae vanaf **14:30 – 16:30**), behalwe as die skool vroeër uitkom.
2. Leerders moet detensie in **skoolklere** bywoon.
3. Leerlinge moet produktief met skryfwerk of die dag se detensieprogram besig wees. Die agtergrond en inleiding asook die aanhef van die Gedragskode word eers uitgeskryf voor skoolwerk gedoen mag word.
4. Geen slapery.
5. Geen elektroniese toerusting mag gebruik word nie.
6. Leerlinge wat om 'n bepaalde rede nie 'n detensie kan bywoon nie, moet die Dissiplinehoof **twee dae** voor die tyd skriftelik in kennis stel.
7. Leerders wat 'n 1^{ste} keer nie detensie bywoon nie, word gerekordeer **en kry waarskuwing**.
8. Leerlinge wat vir die 2^{de} keer nie detensie bywoon sonder om prosedures te volg nie, **word 3 dae huis toe gestuur**.
9. Met 'n 3^{de} oortreding volg 'n Dissiplinêre verhoor en rekordering vir C24.
10. Deelname aan sport word nie aanvaar as verskoning vir die nie-bywoning van detensie nie (sien punt no. 8) tensy 'n **geskrewe verskoning vanaf die afrigter of organiseerder** ingehandig is voor detensie datum. 'n Leerling wat **nie met rekorderings saamstem** nie, word nie verskoon van detensie nie.
11. Leerlinge wat langer as 10 minute laat is, moet die detensie herhaal en word gerekordeer volgens die dissiplinêrestelsel.

1.7. **DEURSOEK, BESLAGLEGGINGS EN TOETSINGS**

Die SA-skolewet en die Beheerliggaambeleide magtig personeel om, waar daar 'n redelike vermoede bestaan, leerlinge en hulle besittings te laat deursoek vir gevaarlike voorwerpe en by die skool te toets vir verbode middels. (Sien Skool Veiligheids- en Openbare Ordebeleid en Dwelm- en Alkoholbeleid.) Koste van positiewe toetsresultate sal van die oortreder verhaal word.

1.8. **ONMIDDELLIKE INGRYPING**

Leerlinge mag in geval van klasontwrigting, disrespek, weiering tot samewerking, geweld, afknouery, teistering of afdreiging van die terrein/klasse verwyder word totdat ouers hul kinders kom haal of totdat 'n dissiplinêre verhoor volg. 'n Proses word gevolg. (Sien Skool Veiligheids- en Openbare Ordebeleid en Dwelm- en Alkoholbeleid.)

1.8.1. **WAT WORD GESIEN AS KLASONTWRIGTING?**

Wanneer 'n les/klas onderbreek moet word om 'n leerling aan te spreek oor steurende / ontwrigtende gedrag soos:

- Wanneer 'n leerling opsetlik / ongeërg praat **sonder om hand op te steek**. (tussenwerpsels / "chip in")
- Wanneer 'n leerling **uit sy/haar beurt praat** / vra (ongeag met wie/waaroor).
- Wanneer 'n leerling sonder toestemming opstaan, rondloop, gesels tydens **sekere fases** van les.
- Wanneer 'n leerling iets rondgooi / met maats praat.
- Wanneer 'n leerling meubels stamp / rondskuif uit reaksie of om aandag te trek.
- Wanneer leerlinge doelbewus ander vrae vra buite les/skoolverband.
- Wanneer 'n leerling geluide maak.
- Wanneer 'n leerling kommentaar lewer / argumenteer met / oor onderwyser se uitlatings of die van andere sonder dat daar geleentheid geskep is, of die versuim om dit in opdrag te staak en die les vertraag.

1.9. **DISSIPLINÊRE INTERVENSIES EN KORREKTIEWE OPTREDES**

- Ouers/voogde sal 'n SMS ontvang asook 'n brief na 10 demerietes. Ouers/voogde moet die kennisgewing teken en aan die skool terugbesorg.
- Die skool mag ook skriftelike waarskuwings uitreik, om in seker gevalle die regte gedrag te bewerkstellig.
- Let wel: Die doel van 'n dissiplinêre verhoor is suiwer 'n administratiewe handeling om leerlinge wat na korrektiewe maatreëls, steeds nie aan die gedragskode voldoen nie, te korrigeer.
- Ouers/voogde ontvang 'n SMS asook 5-7 dae skriftelike kennis van 'n Dissiplinêreverhoor.
- Sou ouers/voogde versuim om die tugverhoor by te woon, moet hulle skriftelik verskoning maak, maar daar mag voortgegaan word met die verhoor in die afwesigheid van die ouer.
- Verhore is deelnemend volgens 'n proses, regverdig en onder andere gebaseer op die oorwig van waarskynlikheid.
- Die SBL magtig die Graadhoof, Adjunkhoofde en Skoolhoof om as ampsdraers in verhore op te tree en sanksies tot suspensie toe te pas.
- Daar word van ouers vereis om op die skool se gerekenariseerde stelsel te registreer om hulle in staat te stel om hul kind se gedrag, akademiese vordering, ens. te monitor.

1.9.1. **STRAWWE WAT MAG VOORTVLOEI UIT 'N DISSIPLINÊRE VERHOOR:**

(Nie beperk tot die volgende – mag ander strawwe insluit)

- 7 dae uitsetting of insit – die skoolterrein is dan verbode na assesserings. Geen sportoefening en deelname nie.
- Weer detensie
- Opskorting van eksamenbloktid.
- Verbied word van gebruik van sekere fasiliteite, bv. die gimnasium.
- Uitsluiting van 'civvie'-dae.
- Gemeenskapsdiens soos banke skuur, klasse uitvee, store regpak, graffiti verwyder, tuinwerk, ens.
- Verbeuring van toegekende prestasiekleure / ere-kleure / leierskapsposisies of diskwalifisering vir die oorweging van toekennings.
- Opskorting van voorregte, bv. sokkies, matriekafskeid of sosiale geleentheid, sportoefeninge en deelname.
- 2^{de} dissiplinêre verhoor.
- Progressie na volgende verhoor kan, deur goeie gedrag, beïnvloed word.
- Dit bly die leerder se verantwoordelikheid om skoolwerk te bekom voor suspenderings en daarna op datum te wees.
- Inisieer prosedures vir **permanente uitsetting**.

1.9.2. **APPÈLPROSEDURES**

Daar mag teen die skuldigbevinding of toegekende straf geappelleer word. Appèl moet skriftelik binne 24 uur na 'n verhoor aan die Voorsitter van die Beheerliggaam gerig word. Die Appèlkomitee oorweeg dan die skriftelike aansoek en kan die verhoor se straf bevestig, of opskort, of verswaar, of 'n alternatiewe straf oplê. Enige appèl moet baie spesifiek m.b.t. 'n uitslag of deel van 'n uitslag van dissiplinêre optredes wees.

1.10. **KLASREËLS**

Die klasreëls vorm deel van die Gedragskode en die primêre doel van die klasreëls is die daarstel van 'n positiewe skoolklimaat van goeie orde waarin almal veilig kan leer en onderrig kan word. Enige optrede waar 'n onderwyser leer en onderrig moet staak, word gesien as ontwrigting en mag lei tot ingrypings en suspenderings.

1.11. AANMOEDIGINGSISTEEM

Robbies kan ook kredietpunte verwerf deur positiewe deelname en goeie gedrag. Deur middel van die beginsel van positiewe versterking kry alle Robbies die kans om as volg kredietpunte te verwerf:

Kode	Geleentheid	Punte
LOJALITEIT EN TROTS		
M1	Deelname aan buitemuurs per soort per seisoen en 75% deelname & bywoning van oefening / voorseisoen.	30
M2	Deelname aan interhoër sangspan en 75% bywoning van oefening.	20
M3	Deelname aan Olimpiade per Olimpiade per rondte.	2
M4	Deelname aan Eistedfodd / Redenaars / "Best Speaker" per item.	10
M5	Deelname aan kultuurproduksie.	20
M6	Deelname aan gemeenskapsuitreike per kwartaal.	10
M7	Geen debietpunte per kwartaal.	10
M8	Leerder ontvang geen debietpunte vir 'n kwartaal na 'n dissiplinêre verhoor.	5
M9	Akademie kwartaal promosiegemiddeld van $\geq 80\%$.	10
M10	Akademie kwartaal promosiegemiddeld van 76-79%.	8
M11	Akademie kwartaal promosiegemiddeld van 66-75%.	6
M12	Akademie kwartaal promosiegemiddeld van 50-65%.	4
M13	Akademie kwartaalliks : Verbeter jou gemiddeld met 1-4%.	2
M14	Akademie kwartaalliks : Verbeter jou gemiddeld met 5-7%.	5
M15	Akademie kwartaalliks : Verbeter jou gemiddeld met 8% of meer.	10
LOJALITEIT EN TROTS		
M16	Positiewe samewerking.	5
M17	Vriendelikheid, respek, hulpvaardigheid, eerlikheid, klas uitvee, terreinskoonmaak ens.	5
M18	Uitstaande gedrag binne en buite klas & voorkoms per kwartaal – registeronderwyser.	15
M19	Werk vir ½ dag by skool aktiwiteit of funksie sonder vergoeding (1 - 4 ure).	5
M20	Werk vir voldag by skool aktiwiteit of funksie sonder vergoeding (> 4 ure).	10
AANSPREEKLIKHEID EN INTEGRITEIT		
M21	Aanmelding van wangedrag van 'n mede-Robbie.	20
M22	Erken fout sonder om aangespreek te word.	5
M23	Verlore items inhandig (geld/selfoon).	10

- Leerlinge wat top 10 in graad per kwartaal is, kwalifiseer vir 'n gewone kleredragdag in die 2^{de}, 3^{de} en 4^{de} kwartaal.
- Leerlinge kwalifiseer vir merietebalkies met kredietpunte:
 - Brons balkie - 100 Kredietpunte
 - Silwer balkie - 200 Kredietpunte
 - Goue balkie - 300 Kredietpunte
- Leerlinge met meeste kredietpunte ontvang 'n trofee.
- 200 Kredietpunte behaal 1 x Studiedag, Mei en Oktober.
- 300 Kredietpunte behaal 2 x Studiedae, Mei en Oktober.
